## Daders van die Woord, nie net hoorders nie (Deut 30)

- **Almal het die taak om die woord uit te dra.**
- **Jy kan dit net doen as jy 'n dader van die woord is.**
- **Deuteronomium bevat Moses se laaste opdragte aan die volk, net voor die intog in die beloofde land. Deuteronomium 29 en 30 bied 'n samevatting van die boek tot op daardie stadium.**
- **Die gode van die volk was ver weg, God en sy boodskap is egter naby. God se volk moes n die beloofde land as sy volk leef en so van God getuig, Gehoorsaamheid bring lewe, ongehoorsaamheid bring die dood. Die volk se ongehoorsaamheid het gemaak dat hulle op die ou end die land verloor het.**
- **Daarom het God sy Seun na hierdie wêreld gestuur. In Jesus het God se woord mens geword en by ons kom woon. Na sy hemelvaart is Hy steeds by ons deur die Heilige Gees. Die groot vraag is of ons die woord uitleef in alles wat ons doen. Nie net hoor nie, maar ook doen.**

## Die Dordtse Leerreëls: Hoofstuk 3/4 - Weerleggend

Efesiërs 2:8

- Die Bybel wys duidelik dat die mens buite Christus nie half-siek of swak is nie, maar volkome **dood in die sonde**. Ons wandel volgens die wêreld, die duiwel en die begeertes van ons vlees en is van nature kinders van die toorn. Daarom kan niemand uit eie krag na God draai, honger en dors na geregtigheid of 'n gebroke hart bring nie – dit is die vrug van die Gees, nie van die sondige natuur nie.
- Maar dan kom die keerpunt: **"Maar God..."** In sy groot liefde maak Hy ons lewend saam met Christus. Redding is volkome genade, 'n gawe van God, nie uit werke nie. Selfs geloof is nie ons prestasie nie, maar die geskenk van sy hand. Hier word alle menslike roem uitgesluit.
- Ons is nie net uit die dood opgewek nie, maar ook **geskape tot goeie werke**. Goeie dade red ons nie, maar is die vrug van God se genade. Só leef ons in dankbaarheid en tot eer van Hom wat ons lewend gemaak het.
- **Aan God alleen die eer!**